

Die muur van die nuwe Jerusalem (OP27)

Openbaring 21:12-21

7 Februarie 2021

Laasweek het ons begin om spesifiek na die nuwe Jerusalem te kyk. Ons het gesien dat ons nie 'n letterlike fisiese stad Jerusalem in die toekoms moet verwag nie, maar wel dat die nuwe Jerusalem 'n simbool is wat gebruik word om die gelowiges, oftewel die bruid van die Lam, mee te beskryf. Ons het gesien dat dit vervulling is van Ou Testamentiese profesieë (byvoorbeeld profesieë wat deur Jesaja en Sagaria gegee is), wat deur die loop van die Nuwe Testament verder ontwikkel na wat Galasiërs en Hebreërs die hemelse Jerusalem noem as 'n beskrywing van die gelowiges wat op Sionsberg in die hemel bymekaar kom (Op 14) deur die loop van die eeue, en dan aan die einde van die tyd uit die hemel na die nuwe aarde neerdaal. Verder het ons gesien dat die stad, en dus die gelowiges, die heerlijkheid van God sal hê, juis omdat hulle die produk is waarin God Sy heerlijkheid demonstreer.

Vandag wil ek stilstaan by Op 21:12-21. Hierdie verse fokus grotendeels op 'n beskrywing van die muur rondom die nuwe Jerusalem. Ons kan die beskrywing opdeel in die volgende drie gedeeltes:

- Verse 12-14 beskryf die struktuur van die muur. Die struktuur bestaan uit drie dele: die muur self, wat groot en hoog is, die 12 poorte in die muur waarop die name van die twaalf stamme van Israel geskryf is, en die 12 fondamente waarop die name van die twaalf apostels geskryf is.
- Verse 15-17 beskryf vir ons die dimensies van die stad, en by implikasie ook van die muur, siende dat die muur om die stad loop. Die stad is kubusvormig met elke sy 12 000 km lank (volgens NAV), terwyl die muur 144 m hoog is (volgens NAV).
- Verse 18-21 beskryf die materiaal waarvan die verskillende dele van die muur gebou is. Die muur self is van opaal, die 12 fondamente is van 12 verskillende edelstene, en die 12 poorte is elkeen 'n pèrel.

Ek wil die inhoud van die verse beskryf onder die volgende 4 hoofde: die muur, die poorte, die fondamente en die dimensies.

Die muur van die nuwe Jerusalem

Volgens vers 12 het die stad 'n groot, hoë muur. Dit was natuurlik destyds die gebruik om 'n muur rondom 'n stad te bou. Die muur het beskerming gebied teen aanvalle van buite, en as 'n reël was 'n hoë muur 'n aanwys vir 'n stad. Die muur het natuurlik ook die grense van die stad baie duidelik uitgewys. Die nuwe Jerusalem het nou juis 'n groot, hoë muur. Ek sal netnou, wanneer ek oor die dimensies praat, oor die hoogte van die muur praat.

Laasweek het ons klem gelê daarop dat die nuwe Jerusalem reeds in Ou Testamentiese profesieë vooruit verwag is. Dit is opvallend dat as Esegïël in sy laaste hoofstukke die toekomstige tempel en stad beskryf, sien hy in Eseg 40:5 dat daar rondom die tempelgeboue 'n muur was: 3m breed en 3 m hoog – dus ook spesifiek gemeet. Maar Sagaria se profesie is nog meer duidelik: lees Sag 2:1-4. Let op, weereens lees ons dat die stad gemeet is – kom later hiernatoe terug as ons oor die dimensies praat. Vers 4 sê egter hierdie Jerusalem gaan nie mure hê nie. En dan sê vers 5 dat God sal die muur wees – Hy sal 'n muur van vuur rondom die stad wees. En boonop sal God se heerlijkheid binne-in die stad wees – soos wat ons laasweek gesien het Op 21:11 ook sê van die nuwe Jerusalem.

Volgens Op 21:18 is die muur rondom die nuwe Jerusalem met opaal gebou (NAV, OAV=jaspis). Maar laasweek het ons gesien die heerlijkheid van God is juis beskryf in vers 11 soos die glans van 'n kristalhelder opaal, en in Op 4:2-3 word die voorkoms van God op die troon beskryf as opaal. Die gevolgtrekking wat ons dus moet maak, is dat die muur van die nuwe Jerusalem is God self. Hy is die groot hoë muur van vuur rondom die stad, wat aan die stad sekuriteit gee, en dit afbaken.

Die 12 poorte in die muur van die nuwe Jerusalem

Volgens vers 12 is daar 12 poorte in die muur. By elkeen van die poorte is daar 'n engel, en op elkeen van die poorte is daar 'n naam geskryf – een van die name van die twaalf stamme van Israel. Drie van die poorte was aan die oostekant, drie aan die noordekant, drie aan die suidekant en drie aan die westekant.

Weereens, as jy na Esegïël se visioen gaan kyk, sien jy ooreenkomste. In Eseg 40 word daar baie detail gegee oor die poorte van die tempel, en in Eseg 48:30-34 is daar opmerklike ooreenkomste tussen die beskrywing van die poorte van die toekomstige stad wat hy sien, en die beskrywing hier in Op 21 – 3 poorte aan elk van die 4 windrigtings, en op elke poort is die naam van 'n stam van Israel geskryf. Let weereens op vers 35 se beskrywing van die mates van die stad.

Die poorte is natuurlik die ingange tot die stad. Die feit dat daar poorte in al vier windrigtings in die muur is, is sekerlik 'n aanduiding dat toegang tot die stad moontlik is uit enige van die rigtings. In Gen 28:14 sê God vir Jakob dat hy sy gebied na alle kante sal uitbrei – die weste en ooste, die noorde en suide, en in hom en sy nageslag sal al die geslagte van die aarde geseënd wees. Ons het tog nou al verskeie kere gesien in Openbaring hoe dit beskryf is dat die gelowiges kom uit al die volke, stamme, tale en nasies. Daar is dus ruim toegang tot die stad. Maar let ook op dat die toegang tot die stad nie onbewaak is nie: by elke poort is daar 'n engel. Dit laat my dink aan die gerubs (senior engele) wat die toegang tot die tuin van Eden moes bewaak in Gen 3:24. Hulle moes juis toegang tot die boom van die lewe bewaak – en ons sal later sien dat die boom van die lewe ook juis in die stad staan.

In Joh 10 leer Jesus dat Hy die goeie herder is. Die skape luister na Sy stem, en volg Hom as die herder. In vers 9 leer Jesus: “Ek is die ingang; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word.” As dit waar is dat die muur God simboliseer – sou dit dan nie net sin maak dat die poorte Jesus simboliseer nie? Ja, daar is ruim toegang vir mense uit al die volke, stamme, tale en nasies – maar hulle moet deur Jesus, wat die ingang is, wat die ware Hoëpriester is, inkom.

Die poorte is elkeen 'n pêrel. In Mat 13:44 vertel Jesus die gelykenis dat die koninkryk van die hemel vergelyk kan word met 'n handelaar wat kosbare pêrels soek, en as hy dit vind, verkoop hy alles om die pêrel te koop. Toegang tot hierdie stad, is kosbaar. Dit is toegang tot die koninkryk van die hemel!

Die feit dat die name van Israel se stamme op die poorte geskryf is, is ook betekenisvol. In Op 7:1-8 word die gelowiges beskryf as die 144 000 dienaars van God wat gemerk is met die seël van die lewende God op hulle voorkoppe. Die 144 000 is dus die ware gelowiges oor die loop van die eeue. Hulle was beskryf as 12 000 uit elk van die 12 stamme van Israel. Hierdie Israel is dus die ware Israel, die ware nageslag van Abraham wat uit al die stamme, tale, nasies en volke kom. Voeg hierby dat Gal 3:16 leer dat God nie Sy beloftes aan Abraham en Sy nakomelinge gee nie, maar wel aan Abraham en Sy nakomeling – enkelvoud – en daardie nakomeling is Jesus. Die punt is dat die Ou Testamentiese volk Israel ontwikkel in die Nuwe Testament na die ware Israel wat die gelowiges uit al die volke, stamme, tale en nasies is – maar dis alleen die mense wat Christus as dié Nakomeling van Abraham erken, in Hom glo, deur Hom as die ingang inkom, wat werklik deel is van die ware

Israel. Maar hulle kom in deur enige van die kosbare poorte, deur Jesus, die Lam, wat toegang vir hulle berei het langs die nuwe Lewende Weg tot in die Allerheiligste.

Die 12 fondamente van die muur van die nuwe Jerusalem

Vers 14 beskryf dat die muur van die nuwe Jerusalem ook 12 fondamente het. Op hierdie twaalf fondamente is die name van die 12 apostels van die Lam geskryf. Vers 19 en 20 gaan verder en beskryf dat die fondamente boonop versier was met allerhande edelstene. Elke fondament is versier met 'n spesifieke edelsteen.

As ons lees van 12 edelstene, moet dit ons noodwendig herinner aan die borssak van die hoëpriester in die Ou Testament. Lees Eks 28:16-21. Let weereens op die afmetings van die borssak: 25 cm in die vierkant. Maar hier is ook twaalf edelstene wat in vier rye van 3 elk gemonteer is. Daar is baie ooreenkomste tussen die tipes stene wat in Eks 28 genoem word, en die tipes stene wat in Op 21 genoem word. Ek is nie 'n kenner van edelstene nie, en boonop is dit so dat daar onduidelikheid is presies watter edelstene destyds met watter term beskryf is. Ek verlaat my op wat kommentatore hieroor skryf. Die feit van die saak is dat 8 edelstene in beide die Eks en Op lyste voorkom, terwyl daar sterk aanduidings is dat die oorblywende vier heelwaarskynlik dieselfde tipes steen is, bloot met verskillende name.

Wat egter belangrik is om te sien, is dat die stene op die borssak elkeen gegraveer was met een van die name van die 12 stamme van Israel. Wat ons dus moet raaksien is dat die 12 fondamente van die muur simbole is van die apostels sowel as die 12 stamme van Israel in die Ou Testament. Boonop moet ons onthou die hoëpriester het die borssak gedra as hy in die Allerheiligste ingaan – en daar het hy die name van die stamme voor God gehou.

Lees nou Ef 2:19-22. Hier beskryf Paulus die gelowiges as 'n gebou. Hierdie gebou is 'n heilige tempel, 'n geestelike huis waarin God woon. Ons sal later sien dat daar in die nuwe Jerusalem nie 'n tempel is nie. Trouens ons het laasweek al daarvoor gepraat dat die nuwe Jerusalem in Op 3:12 alreeds gelykgestel word met 'n tempel. Die belangrike punt nou is egter om te sien wat die fondament is van hierdie gebou: die apostels en die profete, met Christus Jesus as die hoeksteen. Wel, dit is ook die fondament van die nuwe Jerusalem se muur: die name van die apostels, en die edelstene wat die stamme van Israel verteenwoordig uit die Ou Testament – die tyd van die profete.

Die punt is dit: die muur om die nuwe Jerusalem rus op die 12 fondamente. Ons het gesê die muur is God wat aan die stad sekuriteit gee. Die basis van daardie sekuriteit lê in die profesieë wat God in die Ou Testament gegee het oor die verlossing wat Hy gaan bring vir Jerusalem, vir Israel, asook in die realisering daarvan deur die koms van die Lam, en soos wat die apostels dit onder leiding van die Heilige Gees geïnterpreteer het in die Nuwe Testament. Die evangelie is dus die basis vir God se ewige beskerming van die gelowiges.

Die dimensies van die nuwe Jerusalem en die muur

In verse 15-17 word die dimensies van die stad en ook die muur gegee. Die engel wat dit gemeet het, was die een wat sover met Johannes gepraat het, m.a.w. een van die sewe engele met die sewe bakke. Hy het 'n goue meetstok gebruik. Kan ek jou hier herinner in hoeveel van die gedeeltes wat ons vandag alreeds na gekyk het, is daar ook melding gemaak dat daar gemeet is: die muur om die tempelgeboue in Eseg 40, en die stad in Eseg 48, die stad Jerusalem in Sag 2 en die borssak in Eks 28. Ons het ook al in Op 11 gelees dat Johannes die tempel en die mense wat daar aanbid, moes meet – maar op daardie stadium moes hy nie die voorhof meet nie, want dit was aan die heidene oorgegee. In hedendaagse bestuurstaal is daar die uitdrukking: Om te meet, is om te weet. Bestuurders meet

die dinge in hulle besighede wat belangrik is, sodat hulle kan weet wat die status is. As God dus soveel klem daarop plaas dat al hierdie dinge gemeet moet word, beteken dit ook dat die dimensies vir God belangrik is. In vers 17 word die stelling gemaak dat die engel gemeet het volgens 'n mens se maat, wat ook die maat van 'n engel is (OAV – die NAV het dit weg vertaal). Die beste verduideliking vir hierdie stelling wat ek kon vind, is dat alhoewel hier dimensies gegee word volgens mates wat ons as mense kan verstaan, is daar dieper betekenis agter wat die engel hiermee aan Johannes wil kommunikeer.

Die stad word beskryf as 'n vierkant, wat eintlik blyk 'n kubus te wees. Die dimensie in die NAV is 12 000 km, in die OAV is dit 1500 myl, en in die ESV 1200 stadia. Wel, die oorspronklike Grieks praat van 1200 stadia. As jy stadia na kilometer sou omskakel, eindig jy by 2200 km – wat ver is van die 12 000 km in die NAV. Dit is baie nader aan die 1500 myl van die OAV (1400 myl sou nog akkurater gewees het). Maar dit is dus duidelik hoekom daar verskille is tussen die OAV en NAV. Die NAV het die 12 000 behou, en bloot die stadia na km's verander, terwyl die OAV probeer het om die werklike afstand dieselfde te hou, en dit om te skakel na myl. Siende dat hier egter simboliek in die numeriese waarde lê, eerder as in die werklike afstand, sou dit beter wees om die 12 000 te behou, en miskien is die heel beste wat die ESV doen, behou dan ook maar die stadia. Hoe dit ook al sy: dit is 'n massiewe stad, wat kubusvormig is, waarvan die lengte in elke rigting 12 000 eenhede is.

Nou, 'n kubus is 'n vierkant waarvan die hoogte dieselfde is as die ander sye. Let op hoeveel vierkante het ons nou al gesien: die borssak in Eks 28 was 'n vierkant, In Eseg 45:2 lees ons dat die heiligdom wat Esegïël gesien het 'n vierkant was van 250x250 m. En miskien die heel belangrikste is dat die Allerheiligste in die Ou Testamentiese tempel ook kubusvormig was – 10x10x10 m volgens 1 Kon 6:20.

Wat is dus die belangrike punt wat God wil hê ons moet raaksien in hierdie beskrywing van die stad? Onthou, die stad is die gelowiges. Ons het nou alreeds gelees van die 12 stamme van Israel en die 12 apostels, wat verteenwoordigers is van die kerk deur die eeue (Ou en Nuwe verbond). As ons nou hier lees 12 000, wat 12 x 1000 is, en siende dat 1000 'n volheidsgetal is, moet ons dus die gevolgtrekking maak dat God hiermee wil beskryf dat al die gelowiges in die stad is. Ja, hulle kom van al 4 windrigtings deur die 12 poorte, ja, hulle kom uit al die volke, stamme tale en nasies – maar nou is hulle in die stad. Hulle is almal daar. En hulle is baie – dis 'n groot stad. Die feit dat die stad 'n kubus is, onderstreep dat die gelowiges nou in die Allerheiligste gearriveer het, d.w.s. dat hulle nou verheerlik is. Die nuwe lewende weg loop tog deur regverdigmaking (dus die voorhof), heiligmaking (dus die Heilige) tot in heerlikmaking in die Allerheiligste! Nou het hulle die heerlikheid van God, soos ons laasweek gesien het uit vers 11.

Vers 17 gaan nou voort en sê dat die muur van die stad ook gemeet is. Dit is 144 meter hoog (NAV), oftewel 144 el (OAV), 144 cubits (ESV). 144 cubits is ongeveer 65 meter – duidelik het al die vertalings hier verkies om die getal 144 te behou – wat sinvol is. Onthou nou dat ons in vers 12 gelees het die muur is hoog. Hier lees ons nou die muur is 144 cubits hoog, oftewel fisies 65 meter. Ek dink ons sal almal saamstem dat 'n 65 meter hoë muur hoog is. En tog is daar iets wat pla: die stad is 1200 stadia/2200 km hoog, terwyl die muur 144 cubits/65 m hoog is. In vergelyking met die stad is die muur maar laag. Dit het aanleiding gegee daartoe dat die NIV dit beskryf as die dikte van die muur, terwyl die OAV en die ESV bloot sê die muur is gemeet as 144 cubits/el. Persoonlik is ek van opinie dat dit verwys na die hoogte van die muur – dit is tog die dimensie van 'n muur om 'n stad wat belangrik is.

Wat sou die betekenis van so muur wees? Die 144 moet gesien word in die lig van die ander syfers 12 waarvan ons nou reeds gelees het: 12 poorte, 12 fundamente, 12 stamme van Israel en die 12

apostels. 144 is natuurlik 12x12 – wat weer moet wys na die feit dat gelowiges uit die ou en nuwe verbond hier ingesluit is. Maar kan ek spekuleer oor hoekom die muur, alhoewel dit hoog is, tog eintlik laag is in vergelyking met die stad waar rondom dit gebou is?

In die eerste plek beklemtoon so 'n hoë muur, wat egter in vergelyking met die stad laag is, juis hoe hoog die stad is! Dit is massief! Maar ek glo hier is meer hierin: Tradisioneel is die doel van die stadsmuur om dit te beskerm teen vyande van buite. Maar waar is God se vyande op hierdie stadium? Die duiwel, dier uit die see, dier uit die aarde, die goddeloses sowel as die dood en die doderyk is almal in die poel van vuur. Daar is niemand om dit te bedreig nie! Dit word verder bevestig uit wat ons later lees in vers 25 dat die 12 poorte in die stad nooit gesluit word nie – nie in die dag nie, en daar sal nie meer nag wees nie. Die stad is dus in elk geval veilig, al is die muur laag in vergelyking met die stad. 'n Hoë muur om 'n stad in die afwesigheid van vyande moet absolute sekuriteit gee.

Opsomming

Die stad is die gelowiges. Dit is 'n massiewe stad – daar is dus baie gelowiges. Die stad is vierkantig, want dit wys na die borssak van die hoëpriester waarop die name van die stamme van Israel, en dus die name van die ware Israel geskryf is. Die stad is kubusvormig, want die gelowiges, die ware Israel, is nou in die Allerheiligste, d.w.s. hulle is in heerlikmaking.

Rondom die stad is daar 'n muur. Die muur is hoog en van opaal gemaak. God self is die muur, 'n muur van vuur. Die muur het 12 poorte, wat die feit dat Jesus die ingang is, simboliseer. Die feit dat daar 3 poorte in elke windrigting is, dui daarop dat die gelowiges in die stad van oral gekom het – uit alle volke, stamme, tale en nasies. Die muur rus op 12 fondamente, wat wys na die Nuwe Testamentiese apostels, hulle name is op die fondamente geskryf, en die Ou Testamentiese profete, die 12 edelstene herinner aan die edelstene op die borssak. Nie net lê die sekerheid van die stad daarin dat die God die muur is nie, dit lê ook in die feit dat die basis vir die sekuriteit van die stad lê in dit wat God deur die profete en die apostels aan ons bekend gemaak het. Netsoos wat God getrou is om die pad end-uit te stap tot by die realisering van die nuwe Jerusalem, netso sal God dan ook getrou wees om hierdie stad voortaan te beskerm en te versorg.

Ek het twee weke gelede verwys na die erfenis wat gelowiges kan verwag, na aanleiding van vers 7 wat sê dat gelowiges dit alles sal ontvang (en ook na aanleiding van die sewe briewe aan die sewe gemeentes). Ek het toe gesê twee eienskappe van die erfenis is dat dit seker is, en dat ons dit nooit weer sal verloor nie. Die muur, wat God self is, saam met Jesus as die poorte, en die openbaring van God aan die profete en die apostels as basis/fondamente, dien as bevestiging daar is ruim toegang deur 12 poorte tot die stad, en daardie stad word veilig bewaar deur God self vir ewig.

Mag ons steeds meer en meer in verwondering staan oor hoe heerlik hierdie erfenis is wat Hy vir ons voorberei.